Skoonheid en sjarme

"Uiterlike skoonheid hou nie, 'n mooi voorkoms is nie alles nie; as sy die Here dien, dan verdien 'n vrou om geprys te word."
– Spreuke 31:30

Doelwit: *Om die Verkenner van skoonheid en sjarme bewus te maak.*
Weergawe: *2007.0*
Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
2. 'n Voortrekker lei 'n Christelike lewe.
4. 'n Voortrekker hou die taal en kultuur van die Afrikanervolk in ere.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.

ABC: Innerlike en uiterlike skoonheid is 'n geskenk van God en moet daarom deur die Verkenner opgepas word. Die spesialisasie bied aan die Verkenner die geleentheid om hierdie eienskappe te ontwikkel. Sodoende sal die Verkenner geskool word daarin om as ware dame 'n positiewe bydra te lewer tot die land deur ook as voorbeeld vir ander op te tree.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	1 maand	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Die spesialisasie kan individueel of in spanverband afgehandel word.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *'n Haarsalon besoek, waarnemings maak ten opsigte van die volgende punte en dit daarna in spanverband bespreek:*
   - *1.1 Kliëntediens, apparaat en mannekrag benodig vir die suksesvolle bedryf van 'n haarsalon.*
   - *1.2 Vier verskillende style vir lang of kort hare en dit kan toepas, soos byvoorbeeld 'n Franse vlegsel, 'n visgraatvlegsel, 'n Italiaanse vlegsel, 'n Duitse vlegsel, 'n rol, ensovoorts.*
   - *1.3 Rolborsels, haardroërs, blasers, ensovoorts.*
   - *1.4. Verskillende tipes haarstileermiddels en sjampoe op die mark met 'n paar handelsname.*
   - *1.5 Verskillende behandelings vir hare: tydelike kleur, permanente kleur, permanente golwing, ensovoorts, met spesifieke aandag aan die effek wat dit op die hare kan hê.*
2. *'n Skoonheidsalon besoek **of** 'n skoonheidskonsultant uitnooi en die volgende opdragte uitvoer:*
   - *2.1 Een behandeling waarneem en 'n kort mondelinge verslag lewer.*
   - *2.2 'n Onderhoud voer met 'n skoonheidsdeskundige oor opleiding, **of** 'n instituut besoek waar studente opgelei word.*
   - *2.3 Die name van minstens **vyf** skoonheidshuise ken (**twee** Suid-Afrikaans) en voorbeelde van produkte vir velversorging, grimering en sonbeskerming ken.*
3. *As span 'n lesing bywoon oor grimering en tydens 'n vergadering jouself of 'n maat grimeer. Die Verkenner moet die verskillende tipes grimering vir verskillende geleenthede ken.*
4. *Sy moet vertroud wees met die uitwerking wat eetgewoontes op 'n mens se naels, vel en totale gesondheid het. 'n Tabel besigtig waarop gewig, lengte en ouderdom aangedui is.*
5. *Vertroud wees met die verskillende maniere waarop gewigsbeheer toegepas kan word, soos byvoorbeeld by Weigh Less, Run for Life, Herbal Life, ensovoorts.*
6. *Bewus wees van die gevare van sekere dieëte, verslankingsmiddels en dieetsiektes en weet waar om hulp te kry.*
7. *'n Besoek bring aan 'n modelagentskap **of** besoek ontvang van iemand wat modelklasse geloop het. Kennis inwin oor selfvertroue, houding met betrekking tot sit, loop, staan, ensovoorts.*
8. *Aandag gee aan goeie maniere en etiket, soos op die ouderdomsgroep van toepassing.*
9. *'n Bespreking hou oor die mens se innerlike skoonheid.*